PROKLAMASIE 17 VAN 2017

KENNISGEWING VAN 'N GOEDKEURING VAN 'N WYSIGINGSKEMA IN TERME VAN ARTIKEL 18(1)(V) VAN DIE RUSTENBURG PLAASLIKE MUNISIPALITEIT RUIMTELIKE BEPLANNING EN GRONDGEBRUIKBESTUUR VERORDENING, 2015. RUSTENBURG PLAASLIKE MUNISIPALITEIT RUSTENBURG WYSIGINGSKEMA 1406, 1466 en 1530

Hiermee word kennis gegee in terme van die bepalings van Artikel 18(1)(v) van die Rustenburg Plaaslike Munisipaliteit Ruimtelike Beplanning en Grondgebruikbestuur Verordening, 2015, dat die Rustenburg Plaaslike Munisipaliteit die die wysiging van die Rustenburg Grondgebruikbestuur Skema, 2005, goedgekeur het deur die hersonering van die eiendomme hieronder genoem vanaf hulle huidige sonering na die nuwe sonering soos hieronder teenoor die eiendom aangetoon, onderworpe aan sekere voorwaardes:

Skema nommer	Grond-beskrywing	Huidige Sonering	Nuwe Sonering
1406	Gedeelte 1 van Erf 744 Rustenburg	"Residensieël 1"	"Besigheid" onderhewig aan voorwaardes soos vervat in Bylae 1712
1466	'n Gedeelte van die Resterende Gedeelte van Gedeelte 1 van die Plaas Losperfontein 504 J.Q	"Landbou"	"Spesiaal" vir 'n Naaldwerksentrum, onderhewig aan voorwaardes soos vervat in Bylae 1772
1530	Gedeelte 38 ('n Gedeelte van Gedeelte 2) van die Plaas Boschoek 103 J.Q.	"Landbou"	"Spesiaal" vir die doeleindes van n Privaat Oord onderhewig aan voorwaardes soos vervat in Bylae 1833.

Grondgebruikskema en die skema klousules en Bylae van hierdie wysigingskemas is gestoor by die Munisipaliteit en is is beskikbaar vir inspeksie gedurende normale kantoorure. Hierdie wysigingskemas staan bekend as Rustenburg Wysigingskema 1406, 1466 en 1530 onderskeidelik en sal in werking tree op die datum van publikasie van hierdie kennisgewing.

MUNISIPALE BESTUURDER: N. Sithole